**KONSEP**

# DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

## TAK MARIENE- EN KUSBESTUUR

# BELEID VIR DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN KOMMERSIëLE REGTE IN DIE SEEWIERBEDRYF:2005

**HIERDIE KONSEPBELEID MOET GELEES WORD SAAM MET DIE ALGEMENE KONSEPBELEID OP DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN LANGTERMYN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE:2005 (beskikbaar by www.mcm-deat.gov.za)**

# INHOUDSOPGAWE


**1. Inleiding** 3

**2. Sektorale profiel** 4

**3. Die proses van medium-termyn regte toekenning** 5

**4. Oorkoepelende sektorale doelwitte** 6

**5. Duur van regte** 6

**6. Nuwe inkomelinge** 7

**7. Evalueringskriteria** 7

**7.1 Uitsluitingskriteria** 7

**7.2 Balanseringskriteria** 8

*(a) Transformasie* 8

*(b) Belegging in die bedryf* 9

*(c) Ekosisteem impak* 9

*(d) Waardetoevoeging* 10

*(e) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling* 10

*(f) Werksgeleenthede* 10

*(g) Nie-betaling van heffings* 11

*(h) Afhanklikheid van die seewierbedryf* 11

*(i) Bemagtiging van plaaslike gemeenskappe* 11

*(j) Wetsnakoming* 12

**8. Konsessieareas en toekenning** 12

**9. Multi-sektor betrokkenheid** 13

**10. Aansoekfooie en heffings** 13

**11. Bestuursmetodes** 13

**11.1 Die ekosisteem benadering tot visserybestuur** 14

**11.2 Konsolidering van deelnemers** 14

**11.3 Gebruik van voertuie in die kussone** 14

**11.4 Monopolisering** 15

**12. Meting van prestasie** 15

**13. Waarnemers- en moniteringsprogram** 16

**14. Permitvoorwaardes** 16

## 1. Inleiding

Hierdie dokument is ‘n konsepbeleid vir openbare kommentaar oor die toekenning en bestuur van kommersiële regte in die seewiervissery soos uitgereik deur die Departement van Omgewingsake en Toerisme: Tak Mariene en Kusbestuur (“die Departement”). Hierdie konsepbeleid moet saamgelees word met die Algemene Konsepbeleid op die Toekenning en Bestuur van Langtermyn Kommersiële Visvangregte: 2005 (“die Algemene Visvangbeleid”). Belanghebbendes en geaffekteerde partye mag skriftelike kommentaar voorlê aan die Departement tot en met 4 April 2005. Kommentaar wat voorgelê word na hierdie datum sal nie oorweeg word nie. Kommentaar moet as volg voorgelê world:

| | | |
|---|---|---|
| **Per Faks:**<br>Faks Nommer: (021) 670-1782<br>Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal<br>Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery)<br>Beleid Kommentaar | **Per Pos:**<br>Aandag: Mr Horst Kleinschmidt<br>Die Adjunk Direkteur-Generaal<br>Die Departement van Omgewingsake en Toerisme<br>Posbus 44963<br>Claremont<br>7735<br>Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery)<br>Beleid Kommentaar | **Per E-pos:**<br>RVU@deloitte.co.za<br>Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal<br>Die Departement van Omgewingsake en Toerisme<br>Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar<br><br>**Per Hand**<br>Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal<br>Die Regte Verifieeringseenheid<br>Landsdown Road 11<br>Claremont<br>Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery)<br>Beleid Kommentaar |

Baie van die oorwegings in hierdie konsepbeleid is niks nuuts nie. Hulle is reeds in die verlede toegepas deur die Departement in die toekenning van regte. Hierdie beleid weerspieel hierdie oorwegings, maar sluit ook ‘n aantal veranderings en byvoegings in.

Die Departement sal ‘n Seewier Bestuurshandleiding ontwikkel in samewerking met al die regtehouers gedurende die loop van 2006. Hierdie handleiding sal in fyn besonderhede die bestuursmetodologie en prosedures uiteensit vir die bedryf.

Die Minister van Omgewingsake en Toerisme is van voorneme om die artikel 18 magte om kommersiële seewierregte toe te ken, in terme van artikel 79 van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne *(“die WLMH”*), aan ‘n senior beampte van die Departement te delegeer.

## 2. Sektorale profiel

Die oes van seewier of kelp in Suid-Afrika is hoofsaaklik toegespits op twee spesies groot bruin seewier, *Ecklonia maxima* en *Laminaria pallida*, wat in oorvloed voorkom in die koel gematigde seewater tussen Kaap Agullas en Namibië. Die Suid-Afrikaanse kuslyn is egter ook die tuiste van 'n aantal ander spesies seewier, insluitende *Gelidium* en *Gracilaria.*

Uitgespoelde kelp van albei spesies, *Ecklonia maxima* en *Laminaria pallida,* word al reeds sedert 1953 versamel in hoeveelhede wat wissel met aanvraag, maar het 'n maksimum bereik van 5000 ton (droë gewig) in 1977. Sedertdien is daar 'n gemiddeld van 1 312 ton droë gewig ingesamel, egter met lae opbrengste tussen 1993 en 1995, as gevolg van sterk internasionale mededinging van Chinese alginaat produsente.

Uitgespoelde kelp word uitgevoer hoofsaaklik vir die maak van alg ekstrak, nadat dit songedroog en gemaal is. Geen kommersiële ekstrakte word in Suid-Afrika gemaak nie, as gevolg van die internasionale mededinging. Laboratoriumtoetse op Suid-Afrikaanse kelp toon alginaat opbrengste van tussen 22 en 40 persent. Meer onlangs is daar egter begin om verpoeierde kelp na Japan uit te voer vir gebruik in die produksie van geformuleerde visvoer. Vars kelp word sedert 1979 in klein hoeveelhede ge-oes vir die produksie van 'n vloeibare plantgroei stimulant (Kelpak). Hierdie produk bevat sitokinien wat volgens bevindings die groei en kwaliteit van verskeie voedsel- en plantboukundige oeste verbeter. Die onlangse groei in die kweek-oester vissery het 'n verdere aanvraag geskep vir vars ge-oeste kelp.

Kommersiëel haalbare getalle *Gracilaria gracilis* kom voor in Saldannabaai en *Gracilariopsis* in St. Helenabaai.

Kommersiëel haalbare hoeveelhede *Gelidium* word reeds sedert 1957 in die Oos-Kaap ge-oes. Vier spesies (*G. pristoides,G abbottiorum, G. pteridifolium* en moontlik 'n hoeveelheid *G. capense*) kan ge-oes word in die tussen-gety en vlak subgety sones van konsessie gebiede 1, 20, 21 en 23. 'n Poging om agar te onttrek is in die Oos-Kaap aangewend tussen 1978-1982, maar was nie ekonomies lewensvatbaar nie. Die huidige vlakke en metodes van ontginning het nie 'n merkbare effek op die ekologie nie. Ontginningsvlakke word in wese beheer deur

aanwending te beperk tot slegs een kommersiële operateur per konsessie area en opbrengste word ook gemonitor. Hierdie spesie is in elk geval moeilik om volledig te verwyder bloot deur dit te pluk.

Die seewiervissery word bestuur in terme van beide 'n totale ontplooibare vangspoging ("TOV") en 'n totale toelaatbare vangs ("TTV"). Die hoof bestuursmiddel is egter die beheer van poging en daarom word die getal regtehouers in elke seewier oes-area in wese tot een regtehouer beperk. Verder word daar ook in sekere areas beperkings geplaas op die hoeveelhede wat ge-oes mag word. Seewier word ge-oes op 'n per area basis en die Departement het daarom die Suid-Afrikaanse kuslyn (tussen Port Nolloth en Port St. Johns) verdeel in 23 oesgebiede.

Baie min regtehouers oes seewier vir die doeleinde van waarde toevoeging. Tans oes baie regtehouers seewier om as voer gebruik te word by perlemoenplase. In terme van waarde toevoeging word seewier gebruik in gespesialiseerde gesondheidskos produkte, bemesting en as 'n bestandeel van aromaterapie- en skoonheidsprodukte.

Desnieteenstaande verskaf die seewiervissery werksgeleenthede aan meer as 1 700 mense (313 op 'n pemanente basis en 1 450 op 'n seisoensgebonde basis). Tans word 92 persent van hierdie poste beklee deur histories benadeelde indiwidue en die meeste van die werkers is vrouens.

Die aanvangskoste vir nuwe inkomelinge kan wissel tussen R250 000 en R10 miljoen rand. Dit is 'n arbeidsintensiewe vissery en loonuitgawes vir die regtehouers wissel van R50 000 tot R1 783 000 per jaar. Sommige regtehouers belê ook in navorsing en ontwikkeling en hierdie beleggings wissel van R60 000 tot R600 000 per jaar.

## 3. Die proses van medium-termyn regte toekenning

Tussen 2001 en 2003 het die Departement kommersiële seewier oesregte aan 13 ondernemings toegeken. Een vrystelling in terme van artikel 81 van die WLMH is in 2003 toegestaan.

In 1997 is die kommersiële seewiervissery nog geheel en al gedomineer deur ondernemings met wit eienaars of bestuurders. Tans word ses uit die veertien regtehouers deur swart persone besit en bestuur. Dit beteken dat 42.8 persent van die regte-houers swart is. Sewe uit die 14 regtehouers (50 persent) bestaan uit klein- of medium grote ondernemings.

Uit die 23 kommersiële areas word seewier in areas 2,3,20 en 22 tans glad nie ontgin nie. ‘n Kaart van die konsessie areas word aangeheg as **Bylae A.**

## 4. Oorkoepelende sektorale doelwitte

Die oorkoepelende doelwitte met die toekenning van oesregte in die seewiervissery is om:

- Die transformasie profiel van die vissery te verbeter;
- Verdere belegging in seewier waardetoevoeging aan te moedig;
- Die aantal deelnemers in hierdie vissery te vermeerder;
- Huidige regtehouers wat nie betrokke is by seewier ontginning nie, aan te moedig om saam met plaaslike gemeenskappe aansoek te doen vir seewier oesregte;
- Die ekonomiese lewensvatbaarheid van die vissery te ondersteun; en
- Die omgewingsvolhoubaarheid van die vissery te verseker.

## 5. Duur van regte

Met in agneming van –

- die transformasie profiel van die vissery;
- die noodsaak om die ekonomiese stabiliteit wat tans in hierdie sektor heers te handhaaf;
- die feit dat seewier hulpbronne goed bestuur word met inligting wat betroubaar en op datum is,

sal die Departement kommersiële regte toeken vir ‘n periode van nie meer as 10 jaar nie (1 Januarie 2006 tot en met 31 Desember 2015). Elke regtehouer sal egter met gereelde tussenposes getoets word aan die hand van vooraf vasgestelde prestasie maatstawwe (**verwys na Paragraaf 13 verder aan**).

## 6. Nuwe inkomelinge

Alhoewel ‘n groot aantal van die beskikbare konsessieareas ten volle toegewys is, is daar ook ‘n aantal konsessieareas (areas 2, 3, 20 en 22) wat glad nie ontgin word nie. Verder is daar ook regtehouers wat nie hulle regte ten volle benut nie of wat nie self die seewier oes nie. Die huidige transformasie profiel van hierdie vissery is laer as die gemiddeld vir die visbedryf, wat ongeveer 66 persent is.

In die lig van bogenoemde verwelkom die Departement aansoeke van nuwe inkomelinge.

## 7. Evalueringskriteria

Aansoeke sal gesif word aan die hand van ‘n stel “*uitsluitingskriteria*”. Aansoeke van nuwe deelnemers en bestaande regtehouers sal daarna afsonderlik oorweeg word in terme van ‘n stel gelaaide “*vergelykende balanseringskriteria* ”. ‘n Afsnypunt in terme van punte toekenning sal dan bepaal wie die suksesvolle aansoekers is.

### *7.1* Uitsluitingskriteria

Aanvullend tot die uitsluitingskriteria wat genoem word in die Algemene Beleid op Visserye met betrekking tot onbehoorlike indiening en wesentlike tekortkominge, sal die Departement aansoeke uitsluit wat nie aan die volgende vereistes voldoen nie:

**(a)** **Vorm van die aansoeker:** Aansoeke sal slegs oorweeg word van entiteite wat ingelyf is in terme van die Wet op Beslote Korporasies, 69 van 1984 en die Maatskappyewet, 61 van 1973. Aansoeke van natuurlike persone (d.w.s indiwidue of eenmansake) en trusts sal nie oorweeg word nie. Regtehouers

wat bestaan in die vorm van trusts sal hulle self moet inlyf as ‘n maatskappy of ‘n beslote korporasie.

**(b)** **Wetsnakoming:** Aansoekers sal nie kwalifiseer vir die toekenning van seewierregte, insluitende direkteure of beherende aandeelhouers, wat skuldig bevind is aan ‘n oortreding in terme van die WLMH (en gevonnis tot tronkstraf sonder die opsie van ‘n boete). Aansoekers, insluitende die direkteure of beherende aandeelhouers, wie se visvangregte al gekanselleer of herroep was in terme van die WLMH, sal ook nie seewier oesregte ontvang nie. Ander nie-nakomings van die WLMH sal ‘n nadelige invloed hê op die oorweging van die aansoek, soos hieronder uiteengesit sal word.

**(c)** **Papierkwotas:** ‘n papierkwota soos gedefinieer in die Algemene Beleid sal uitgesluit word.

**(d)** **Nie- gebruik***:* Daardie regtehouers wat versuim het om hulle medium termyn kommersiële seewierregte te gebruik tussen 2002 en 2004, sal nie weer regte ontvang nie.

## *7.2* Balanseringskriteria

Alhoewel die volgende kriteria wel van toepassing sal wees op aansoeke van regtehouers sowel as nuwe deelnemers sal dit verskillende gewig dra by die twee groepe.

### (a) Transformasie

Tans word 42 persent van die regte-houers deur swart persone besit en bestuur. Verder is 50 persent van die regte-houers klein- en mediumgrote ondernemings. Alhoewel die Departement toegee dat daar in hierdie verband groot vooruitgang gemaak is in die bedryf, is verdere verbetering van die transformasieprofiel nodig.

Die Departement se oogmerk in die toekenning van langtermyn kommersiële regte in hierdie visseryis om te verbeter op die huidige vlak van transformasie. Gevolglik sal aansoekers oorweeg word en 'n puntetelling te ontvang ooreenkomstig die volgende –

- Die persentasie swart en vroulike verteenwoordiging op eienaars- en uitvoerende bestuursvlak;
- Of werknemers aandeelhouers is in die aansoeker, en die omvang van hulle voordele;
- Regstellende aankope;
- Die graad van swart en vroulike verteenwoordiging op die onderskeie vlakke onder die uitvoerende bestuursvlak;
- Nakoming van die Wet op Diensbillikheid, 55 van 1998; en
- Korporatiewe sosiale belegging.

**(b) <u>Belegging in die bedryf</u>**

Beide regtehouers en nuwe inkomeling aansoekers sal oorweeg word met inagneming van beleggings gemaak in die seewier bedryf.

Wat aansoeke van regtehouers betref, sal die Departement in besonder die volgende in ag neem:

- Belegging in verwerking en bemarking; en
- Belegging in navorsing en die ontwikkeling van bemarkbare seewier produkte.

Nuwe inkomeling aansoekers sal moet aantoon hoe hulle van voorneme is om die seewier te verwerk en te bemark en of hulle enigsins belê het in navorsing rondom die oes en bemarking van seewier.

**(c) Ekosisteem impak**

Alhoewel die konsep van byvangs nie direk van toepassing is in hierdie vissery nie, sal regtehouer aansoekers ge-evalueer word op grond van watter

maatreëls hulle getref het om te verseker dat die omliggende omgewing (beide fauna en flora) nie nadelig geaffekteer word deur die oesproses nie. In die besonder word die vernietiging van kleefmossels verbied. Verder moet die gemagtigde gebruik van voertuie in die kussone onderneem word ooreenkomstig die voorwaardes uiteengesit deur die Minister van Omgewingsake en Toerisme.

**(d) Waardetoevoeging**

Die Departement sal die vermoë van aansoekers om waarde toe te voeg of en sodoende die optimum benutting uit seewier te verkry, of hulle planne in hierdie verband, vir beide die plaaslike en internasionale market, in ag neem,

Waardetoevoeging tot seewier is veral relevant omdat –

- dit die aantal werksgeleenthede wat deur die vissery verskaf word kan vermeerder; en
- die Suid-Afrikaanse seewier industrie nie internasionaal mededingend is met betrekking tot waardetoevoeging nie.

**(e) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling**

'n Groot deel van die kuslyn het die potensiaal om seewier daar te oes. Die Departement sal poog om ten minste een seewierreg toe te ken in elk van die 23 konsessie areas.

**(f) Werksgeleenthede**

Die seewier vissery verskaf werksgeleenthede aan ongeveer 1 450 mense. Gemiddelde jaarlikse salarisse in hierdie vissery is R38 500. Die meerderheid van die werknemers word nie op 'n voltydse grondslag in diens geneem nie.

Alhoewel die Departement die seisoenale aard van seewier oesting erken, moedig dit tog die voorsiening van permanente werksgeleenthede aan, asook 'n groter graad van werksekerheid vir half-geskoolde of ongeskoolde

werknemers. Die Departement sal daardie aansoekers beloon wat hulle werknemers voorsien, of onderneem om te voorsien, van –

- Permanente indiensneming of versekerde jaarlikse indiensneming;
- Mediese- en pensioenvoordele;
- Enige ander diensvoordele; en
- Veilige werksomstandighede.

Die Departement sal ook kyk na die loonverskille tussen die hoogs- en laagsbesoldigde werknemers.

**(g) <u>Nie-betaling van heffings</u>**

Die Departement vereis dat elke regtehouer 'n heffing betaal op die seewier wat ge-oes word. 'n Aantal regtehouers het in die verlede, of nie hulle heffings betaal nie, of het oeste onderrapporteer, onder andere om die betaling van heffings vry te spring.

Laasgenoemde groep sal heeltemal uitgesluit word. Die eersgenoemde groep (diegene wat glad nie heffings betaal het nie) sal gepenaliseer word in die vergelykende balanseringsproses, soos wat hieronder uiteengesit sal word. In die geval van aansoeke van regtehouers wat steeds kwallifiseer vir regte, sal 'n permit egter nie uitgereik word nie, totdat die totale bedrag heffings betaalbaar (plus rente) aan die Departement betaal is nie.

**(h) Afhanklikheid van die seewierbedryf**

Die Departement sal voorkeur verleen aan aansoekers wat staat maak op die oes van seewier vir 50 persent of meer van hulle bruto jaarlikse inkomste. Aansoekers of hulle beherende aandeelhouers wat enige inkomste verkry van bronne buite die visvangindustrie, sal gepenaliseer word.

**(i) Bemagtiging van plaaslike gemeenskappe**

Die Departement beskou die oes van seewier as ‘n geleentheid om die inwoners van kusgemeenskappe te bemagtig, in besonder diegene wat miskien nie kan voordeel trek uit die oes van visvoorrade soos perlemoen of weskus kreef nie. Met dit in gedagte, sal die Departement gunstige oorweging skenk aan maatskappye wat ingelyf is tot voordeel van plaaslike gemeenskappe en wat ondersteun word deur daardie regtehouers wat vantevore hulle seewierregte nie-waardetoevoegend uitgeoefen het.

**(j) Wetsnakoming**

Regtehouers, insluitende hulle direkteure en beherende aandeelhouers, wat ondersoek word vir oortredings van die WLMH, sal nie seewierregte toegeken word totdat die uitslag van die ondersoek bekend is nie.

Geringe oortredings van die WLMH insluitende regulasies, deur die aansoeker, sy direkteure of beherende aandeelhouers sal meebring dat die aansoeker ‘n negatiewe puntetelling toegeken word.

Daar sal nie seewierregte toegeken word aan regtehouers wat hulle voertuie in die kussone gebruik het sonder magtiging nie.

## 8. Konsessieareas en toekenning

Daar is tans 23 konsessie areas. Die Departement gaan hierdie getal verminder tot 22, deur areas 11 en 12 te konsolideer in een area.

Die Departement sal voortgaan met sy beleid om een regte toekenning te maak per genus, vir elke konsessie area. Tot op datum is elke area onderworpe aan ontginning deur ‘n enkele regtehouer. Area 11 was ‘n uitsondering waar twee regtehouers die area gedeel het, maar verskillende genus seewier ontgin het. Die Departement moedig daarom aansoekers (en in besonder nuwe aansoekers) aan om nie slegs aansoek te doen vir hulle “voorkeur” seewier nie, maar ook vir alternatiewe seewiersoorte.

Gevolglik sal die Departement slegs een seewierregte toekenning maak per genus vir elke konsessiearea. Sodoende sal dit moontlik gemaak word dat ‘n aantal entiteite verskillende genusse seewier in een konsessiearea kan oes. Dit is die bedoeling dat hierdie benadering ‘n positiewe impak sal hê op werkskepping en die innoverende ontginning van, en waarde toevoeging tot, seewier.

### 9. Multi-sektor betrokkenheid

Regtehouers in die seewiervissery word nie verhoed om regte te hou in Groep A of Groep B visserye nie. Regtehouers in die seewiervissery (insluitende hulle beherende aandeelhouers en lede van die uitvoerende bestuurspan) sal nie toegelaat word om kommersiële visvangregte in Groep C of Groep D visserye te hou nie.

### 10. Aansoekfooie en heffings

Die aansoekfooi vir die seewiervissery sal vasgestel word met verwysing na die volgende:

- Die koste van die hele regtetoekenningsproses, insluitende konsultasie, ontvangs, die evaluering van aansoeke, verifikasie, appèlle en hersienings. In hierdie verband sal die koste wat aangegaan is gedurende die medium termyn prosedure ‘n riglyn daarstel; en
- Die waarde van die seewier wat toegeken word gedeel deur die tydsduur van die regstoekenning.

Die jaarlikse heffing wat betaalbaar is sal met ingang 1 Januarie 2006 hersien word na oorlegpleging met al die belanghebbendes en geaffekteerde partye.

### 11. Bestuursmetodes

Die bestuursmetodes wat hieronder uiteengesit word, weerspiëel sommige van die Departement se oogmerke vir die bestuur van die vissery in die tydperk na regte toekennings.

## 11.1 Die ekosisteem benadering tot vissery bestuur

Die seewiervissery sal bestuur word ooreenkomstig die ekosisteem benadering tot visserye ("EBV"). 'n Ekosisteem benadering tot vissery bestuur is 'n holistiese en geintegreerde beleid wat erkenning verleen aan die feit dat visvang en ander land gebaseerde aktiwiteite 'n invloed het oor die breër mariene omgewing. Hierdie deel van die seewierbeleid poog nie om 'n beleidstandpunt te voorsien vir EBV in die seewiervissery nie. Die EBV in die seewiervissery sal in verdere besonderhede aandag geniet in die Seewiervissery Bestuurshandleiding. Suid-Afrika bly steeds verbind tot die teiken datum van 2010 vir die implimentering van 'n EBV in die kommersiële visserye, insluitende die seewierbedryf.

## *11.2* Konsolidering van deelnemers

Na die afhandeling van die toekenning van die 10 jaar kommersiële visvangregte in hierdie vissery, sal die Departement die konsolidering van die aantal regtehouers wat steeds betrokke is in die vissery, fasiliteer. Regtehouers sal moontlik hulle onderskeie ondernemings wil konsolideer waar:

- Regtehouers dieselfde aandeelhouers, kantore of bestuurspan deel; of
- Kleiner regtehouers besluit om hulle ondernemings te konsolideer.

Konsolidering van regtehouers is egter ondeworpe aan die Departement se benadering tot monopolieë. **(*sien paragraaf 11.4 hieronder*).**

## *11.3 Gebruik van voertuie in die kussone*

Baie seewier regtehouers het, sedert die verbod op ongereguleerde voertuiggebruik op strande in 2002 in werking getree het, aansoek gedoen vir verlof om voertuie te gebruik in die kussone. Gedurende 2004 het die Minister van Omgewingsake en Toerisme die regulasies gewysig wat voertuiggebruik in die kussone beheer (sien www.mcm-deat.gov.za vir die Regulasies en Implementeringsgids).

Seewier operateurs moet aansoek doen by die Adjunk-direkteur-generaal van Mariene- en Kusbestuur vir ‘n permit om ‘n voertuig te gebruik in die kussone, indien die gebruik van ‘n voertuig nodig is. Die Departement is ten gunste die indiensname van meer persone om te oes, eerder as die gebruik van voertuie.

Aansoekvorms vir voertuiggebruik in die kussone sal beskikbaar gestel word saam met die aansoekvorms vir kommersiële seewier oesregte. Hierdie vorms is ook beskikbaar by www.mcm-deat.gov.za.

### *11.4* Monopolisering

Alhoewel die Departement die konsolidering van regtehouers in hierdie vissery sal aanmoedig, bly dit gekant teen monopolieë aangesien dit tot nadeel kan wees vir die kleiner regtehouers.

Die Departement gaan nie op hierdie stadium ‘n maksimum aantal areas vasstel wat enige enkele reghouer oor mag beskik of beheer nie, maar sal die situasie monitor om te verseker dat geen reghouer optree op ‘n manier wat indruis teen billike mededingingspraktyke nie.

## 12. Meting van prestasie

Die Departement sal formele prestasiemeting onderneem vir die volle tydperk van die kommersiële regte. Dit word voorsien dat die eerste stel metings sal plaasvind binne twee jaar na die toekenning van die regte en daarna elke drie jaar.

Alhoewel die Departement eers die presiese maatstawwe vir die meting van regtehouers sal finaliseer na oorlegpleging met regtehouers, mag die volgende breë prestasieverwante maatstawwe wel gebruik word:

- transformasie;
- belegging in waardetoevoeging en bemarkingsinisiatiewe;
- standhoubare gebruik van seewier;
- nakoming van die toepaslike wette en regulasies.

## 13. Waarnemers- en moniteringsprogram

Die Departement se huidige waarnemersprogram sal uitgebrei word om ook wetsnakoming waar te neem. Verder sal die Departement ook die waarnemers- en moniteringsdekking in hierdie vissery toenemend vermeerder. Daar sal van regtehouers verwag word om die koste van die waarnemers- en moniteringsprogram te dek.

## 14. Permitvoorwaardes

Permit voorwaardes vir hierdie vissery sal jaarliks uitgereik word. Die permitvoorwaardes wat van toepassing is op die vissery vir die 2005 seisoen word aangeheg as **Bylae A**. Belanghebbendes en geaffekteerde partye word genooi om kommentaar te lewer op hierdie permitvoorwaardes.